# XANDR

Hoe lyk die einde? Soos daardie swart-en-oranje wolk op die horison wat elke dag naderkom? Of is Rufus reg: dat my ooraktiewe verbeelding al weer met my weghol?

So dalk is daardie wolk, wat toevallig soos geen ander wolk lyk wat ek al ooit gesien het nie, net 'n wolk. Dalk is die oranje kleur binne-in die wolk nie vlamme nie, net die een of ander frats wat die natuur vir ons opgedis het. Soos 'n sikloon-stofstorm-tornado-konkoksie.

En wie weet, dalk beteken die kriptiese boodskap wat my pa vir my gestuur het voor ons selfoonsein verloor het, niks nie. Dalk was dit bloot sy poging tot omgekeerde sielkunde.

Wat ek wel sonder enige twyfel weet, is dat hierdie hele ding 'n dom idee was. Vasgevang in die middel van freakin' nêrens sonder vervoer, genoeg kos of die vaagste benul wat aangaan.

"Kos is op die grotvloer," sing Rufus uit die grot uit en lag vir haar eie grappie. Dis haar moedige poging om my op te beur en aandete vir ons aanmekaar te slaan uit die oorblywende tuna, Corn Flakes en ingelegde koejawels. In geen wêreld hoort daai drie bymekaar nie, maar dis seker beter as honger ly.

“Nou daar,” roep ek, maar ek bly net daar staan en loer weer na die wolk. Ek sweer dit het so pas gegroei. Wat dit ook al is, daai is g’n gewone wolk nie: dit lyk soos die einde.

# XANDR

## *DIE EERSTE EINDE*

7 Desember

Die skole sluit. Graad 10 kry ’n aftikmerkie by my. Nie ’n dag te vroeg nie. Ek is behoorlik keelvol. Vir onderwysers, skooldrag, die voorgee-bestaan van my medeleerders, die katterigheid, die messe in die rug, die dolke in die hart, om nie te praat van knieë tussen die bene nie.

Tog wens ek hierdie laaste deel van die jaar eindig nooit nie. Want hierdie jaar verteenwoordig ook die einde van die enigste betekenis in my lewe: Rufus.

Om te sê dat Rufus is my beste vriend is, is die understatement van die millennium. Meer soos ’n kombinasie van beste vriend, familielid en lewensafrigter. Rufus is eintlik Ruth le Clercq. Almal noem haar Ruth, behalwe haar ma-hulle en my ma-hulle, wat haar Ruthie noem, maar dit klink hopeloos te veel na iets wat jy in iemand se drankie gooi om dit te spike. Daarom het ek haar op ’n dag “Spike” begin noem. Dit het egter ná so vier of vyf keer se sê nie meer lekker van my tong afgerol nie. Maar sy moes ’n bynaam hê. Ek het nog altyd een vir haar gehad: “Woef” in ’n

stadium, later "Ore". Maar die ding met byname is dat dit vinnig ontgroei word, daarom dat ek Spike probeer het. Een middag lê ek op my bed en speel met haar naam rond: Ruth. Roef. Roefou. Roefmondo. Roefeloos. *Rufus*. Die spreekwoordelike eureka-oomblik. Rufus. Dit het dadelik reg geklink.

Ons ken mekaar al vir altyd en doen alles saam vandat ons goed kon saam doen. Ons ouers is bure en vriende, en is dit al van voor ons onderskeie geboortes af. Ons is albei Desember-babas. Ek die eerste, sy die derde. So ons vier altyd ons verjaarsdae op die tweede. Dis só 'n simpel tyd van die jaar om te verjaar. Reël jy iets vroeër, is almal nog besig met eksamen; reël jy iets later, is almal reeds by die een of ander Randburg-on-Sea-strandoord in die Suid-Kaap. Ons het al jare terug moed opgegee om groot partytjies te probeer reël. Gewoonlik (as daar nie 'n onderwyser is met die geniale idee om so laat in die jaar nog eksamens te reël nie) gaan fliek ons by die Egrek Cinema in Parkhurst en eet daarna roomys by Paul's tot ons naar voel.

Die hele Desember-verjaar-ding is juis een van die redes waarom ons ouers saam een aand oor 'n glasie wyn besluit het dat ons eers 'n jaar later graad 1 toe moet gaan. Om graad R te herhaal is pynlik, maak nie saak hoe jy daarna kyk nie, maar nou is dit nogal cool om die oudste in die klas te wees. En soveel te meer sedert eergistermiddag, toe ek en Rufus elk die trotse draer van 'n leerlingbestuurslisensie geword het. Nog net 'n jaar dan kry ons ons rybewys! Ek kan nie flippen wag nie.

Ons is albei laatlammers. Ons is dus al van graad 6 af alleen in die huis terwyl haar broer en my suster wild en wakker pluk van die boom van kennis van goed en kwaad, ook bekend as universiteit.

Maar hierdie jaar het alles verander. Haar pa, wat die "para" in paranoïes sit, het besluit dat hierdie sy laaste jaar op die oewers van ons skone land sal wees. Kyk, ek staar myself nie blind teen die geweld, korrupsie en selfdienende politici nie, maar die vet weet, as jy met hóm praat, is ons reeds in 'n oorlog. Ons huise is loopgrawe en hulle Fortuner is 'n tenk wat die vyand elke dag teiken.

Met daardie vlak van negatiwiteit moes dit seker nie as 'n verrassing gekom het toe hy so vyf maande terug aangekondig het dat hy sy gesin sak en pak na die utopie van Australië gaan wegneem nie.

Ek is nie sy grootste bewonderaar nie, en die gevoel is wederkerig.

# RUFUS

8 Desember

Drie en dertig duisend een honderd en twintig. Dis hoeveel minute ek oor het in Suid-Afrika. Dan raap ’n Qantas-metaalbuis my weg na die beloofde land. ’n Plek met eenhorings, skoenlappers en engele wat in die hemele sing. Altans, dis die droom wat my pa verkoop. Perfek in elke sin. Alles wat Suid-Afrika nie is nie. Veilig. ’n Land met ’n toekoms.

Ek dink ek het nou gal in my mond geproe.

As ek nog een keer moet hoor hoe gelukkig ons gaan wees om dit lewend tot op daardie vliegtuig te maak, gaan my kop letterlik ontplof. Ek verstaan nie wanneer my pa so bang vir alles geword het nie. Dis nie hoe ek hom van kleintyd af onthou nie. Ek onthou sy grappies en stories oor diere en sy liefde vir kamp. Maar die stof op ons tent is nou al ouer as my pa se rewolwer wat hy gekoop het nadat sy een skoolvriend in Durban gekaap is. Seker al ses jaar gelede. Dalk meer.

Môre word al ons aardse besittings opgelaai. Ons sien dit weer aan die ander kant. Die ander kant van die wêreld.

Weg van alles.

Ek wou bly. Ten minste matriek klaarmaak. Maar my pa het sy voet neergesit. Alles wat ek liefhet, is hier. Dis nie perfek hier nie, maar dis huis. Nou moet ons na 'n vreemde land toe foeter waar die mense klink soos kettingsae.

Sonder Xandr.

Tori Amos sing: "This is not really happening." En dan: "You bet your life it is." Tori Amos verstaan, you bet your life she does.

Dis waarom ons 'n plan moes maak. Ons gaan mekaar dalk nooit weer sien nie. Dalk eendag as ons oud is. Wat van al die mane wat ons nie saam gaan sien opkom nie, die nuwe liedjies wat ons nie saam vir die eerste keer gaan hoor nie, die magdom eerstes wat my pa van ons wegskeur? Ons eerstes gaan aan ander gegee word. Ander wat dit nie verdien nie. Dis so ... ek gaan skree, ek sweer! Dis so verdomp onregverdig. So ... frustrerend, asof jy locked-in syndrome het. Jy weet wat om jou aangaan, maar kan niks sê of doen nie. Jy word die afgrond af meegesleur, en jy is stom en lam.

My pa gaan 'n hartaanval kry. Tien teen een op 'n manier die land blameer, en definitief vir Xandr. Maar dit was my idee. Een laaste hoera. Een laaste vaarwel aan my hartland. Een laaste eerste. Die grote. Gegee aan iemand wat dit verdien. Nie 'n kettingsaag-vreemdeling nie.